## 11 Oktober Psalm 8; HK Sondag 47

### *"Laat U Naam geheilig word"*

Psalm 8 begin en eindig met die woorde: "o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!"

Is dit ook die woorde wat jou lewe en die wêreld om jou omsluit? Waar die Naam van die Here nie geken en geëer word nie verval die mens in sy grootste ellende. Hierdie eerste bede is juis 'n belydenis: Vader, u wêreld sterf weg omdat dit U nie ken en erken nie. Hier het U geen plek meer nie. U heilige Naam word gruwelik ontheilig. U Naam word verswyg asof U dood is en andersins op afskuwelike wyse as stop- en vloekwoord gebruik.

Ons moet biddend pleit: Neem tog U plek weer in, in ons harte en ook in ons lewens en op alle lewensterreine. Openbaar uself aan ons in hierdie donkere en verdwaalde wêreld sodat ons weer in u Lig kan bly.

Ons moet dus met alles wat ons is en het die Naam van God heilig. Heilig beteken om iets weg te hou van sonde en dit vir die Here af te sonder. Die oorspronklike grondwoord vir heilig lei ons ook tot 'n woord wat straal of uitstraal beteken. Dan beteken dit dat die deugde van God soos die strale van die son alles moet deurstraal en alle duisternis en onsekerheid in ons lewens moet opklaar.

Die Kategismus stel dat ons ons hele lewe so moet skik en rig dat sy Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word. Die woorde skik en rig kan heenwys na 'n man wat skyfskiet. Hy sal alles in ag neem en die geweer reg instel en daarna dit met sy liggaam so skik en rig om die kol te tref.

Die eerste bede stel duidelik wat die eerste en alles-oorkoepelende doel van ons lewe moet wees, naamlik die heiliging van die Naam van die Here. Ek moet met alles inaggenome my so skik en rig om hierdie doel te bereik. Daarvoor word alles skade geag. Hy moet meer word en ek minder. Dit is alleen moontlik in navolging van Jesus Christus, ons Verlosser.

Sing: Psalm 145:1 Ds. SA. Cilliers (Waterberg)